

BELEID VAN NASIEN

1. SENIORAFDELING:

ALLE VAKKE:

Skrifte word nie elke dag deur die fasiliteerder intensief nagesien nie, maar onder leiding van die fasiliteerder gekontroleer. Die leerder merk met potlood. Hulpverlening by probleemgevalle is 'n prioriteit. Laasgenoemde word met rooi pen by die skriftelike werk gedoen. Diagnostiese toetse kan onder leiding van die fasiliteerder deur die leerder gemerk word. Assessering geskied op 'n kontinue basis. Alle toetse wat punte tel moet deur die fasiliteerder self gemerk word. Die fasiliteerder sal elke leerder se skrifte minstens 1 keer per week inneem vir nasien.

OUER BETROKKENHEID

Dit sal in die kind se belang wees indien sy/haar kind se skrif gekontroleer en geteken word.

TUISWERK:

Dit hoef nie intensief nagesien te word deur die fasiliteerder nie, maar onder sy of haar leiding moet die leerder die kans hê om alle antwoorde te korrigeer. Hieruit word vir eksamen geleer, daarom moet doodseker gemaak word dat leerders die korrekte werk het om te leer.

SPORTBELEID

1. Doel

Sport by die skool vorm deel van die opvoedingsproses.

Massa deelname word aangemoedig.

Die volgende waardes word nagestreef:

- Respek vir jou eie liggaam en die opponent se liggaam.
- Respek vir die reëls van die spel
- Respek van die skeidsregter se beslissings
- Wen met trots, maar verloor met waardigheid sonder verskonings
- Hou jou liggaam, houding en gedagtes rein as voorbeeld vir ander
- Strewe na liggaamlike fiksheid en vermy selfsugtigheid en egoïsme
- Deel jou sukses met ander
- Dank die Skepper vir jou talente
- Deelname aan 'n wye verskeidenheid van sportsoorte

2. Sportsoorte

Die volgende sportsoorte word aangebied by die skool:

Atletiek, Krieket, Netbal, Rugby, Tennis, Playball, Landloop, Gym en Hokkie.

3. Erkenning

Vir Binne en Buite Skoolverband – Prestasie.

4. Sport buite skoolverband

Volle erkenning word gegee aan sportprestasies buite skoolverband wat nie deur die skool aangebied word nie. Slegs provinsiale prestasies met amptelike briewe word erkenning voor

gegee. Die beginsel van sportdeelname deur klubs word deur die skool ondersteun en aangemoedig. Slegs provinsiale prestasies met amptelike briewe word erkenning voor gegee.

5. Ouerbetrokkenheid

Ouerbetrokkenheid bevorder die sport en moedig die kind se deelname aan. Waar moontlik word van ouerhulp gebruik gemaak. Ouerbetrokkenheid moet altyd positief wees en nie inmenging tot gevolg hê nie.

6. Spelers

1. Spelers se ouderdomme word bepaal deur die jaar waarin hulle gebore is.
2. Geen speler mag in meer as een ouderdomsgroep per sportsoort speel nie.
3. 'n Speler mag indien hy/sy volgens die oordeel van die afrigter baie duidelik oor beter vaardighede as die ander deelnemer beskik, in 'n ouer ouderdomspan opgeneem word.

7. Klaredrag

Volgens voorskrifte van elke sport – trots, eenheid, netheid bevorder!

8. Administrasie

1. Afrigters van spanne sal jaarliks aangewys word.
2. Spelers moet vroegtydig verskoning maak indien oefening nie bygewoon word nie.
3. Reserwes speel vriendskaplike wedstryde. Ligawedstryde kan ook gespeel word, indien daar 'n besering of siekte is.

KULTUURBELEID

1. Revue

1. Massadeelname as uitgangspunt, maar die leerders het 'n keuse.
2. Revue vind elke 2de jaar plaas – alternatief met die Kunswedstryd.
3. Finansiële rekening moet op datum wees om te kan deelneem.
4. Daar word nie met 'n Revue na groot fondsinsameling gestreef nie, maar eerder om met baie min wins of gelykbreek die estetiese te bevorder.

2. Kunswedstryd

1. Deelname aan kunswedstryd geskied elke 2de jaar. Leerders word dan vir alle afdelings deur die skool ingeskryf, maar die leerders betaal hulle eie inskrywings- en afrigtingsgelde – vooruit aan die afrigter.
2. Spesiale oefentye word geskep en afrigting vind buite skoolure plaas.
3. Daar word dan van leerders verwag om altyd in volle skooldrag deel te neem en op te tree.
4. Daar word ruim erkenning gegee aan presteerders met prysuitdeling aan die einde van die jaar.

AKADEMIESEBELEID

Die Akademie is die belangrikste aspek, naam die Geestelike versorging van die kind. Sekere voorgeskrewe en neergelegde standaarde moet elke jaar en in elke fase behaal word.

Assessering vind volgens CAPS plaas met sekere assesseringstandaarde wat bereik moet word. Daar word in kwartaal 1, 2, en 4 'n verslag huis toe gestuur met 'n opsomming van die leerder se vordering. Elke kwartaal is daar ook 'n oueraand waartydens ouers geleentheid kry om met die betrokke personeel te gesels.

Dit is belangrik dat ouers hulle sal vergewis van hulle kinders se vordering. Voorts moet die huiswerk op 'n daaglikse basis gekontroleer word.

PROMOSIE VEREISTES - VANAF 2013

Graad 4 tot 6

HUISTAAL (Afr.)	-	VLAK 4	=	50 – 59 %
TWEEDE TAAL (Eng.)	-	VLAK 3	=	40 – 49 %
WISKUNDE	-	VLAK 3	=	40 – 49 %

VLAK 3 = 40 – 49 % in enige 2 van die oorblywende vakke

Leerder mag slegs 1 keer in fase teruggehou word.
Leerder se ouderdom moet ook in ag geneem word.

Graad 7

HUISTAAL (Afr.)	-	VLAK 4	=	50 – 59 %
TWEEDE TAAL (Eng.)	-	VLAK 3	=	40 – 49 %
WISKUNDE	-	VLAK 3	=	40 – 49 %

VLAK 3 = 40 – 49 % in enige 3 van die oorblywende vakke
VLAK 2 = 30 – 39 % in enige 2 van die oorblywende vakke

Leerder mag slegs 1 keer in fase teruggehou word.